# Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

## SKILDER

Musiek: Jannie du Toit
Teks: Jannie du Toit

As ek jou kon skilder soos ek jou sien
Sou die prentjie 'n plek in die Louvre verdien
langs Rembrandt van Rijn, van Gogh en Lautrec
die romantiese dromer is seker maar ek
maar dis jou wat ek sien
vir my is dit duidelik jy

As ek jou kon vorm soos jy nou vir my lyk
sou die beeld op die top van ou Tafelberg pryk
soos helde en heiliges staan op 'n plein
of langs 'n kasteel aan die vloei van die Ryn
dis jou wat ek sien
vir my is dit duidelik jy

As daar hare soos wolke was
oë van brandskilderglas
was daar lippe van heuningwyn
heupe soos 'n tjellolyn
sou die wêreld hierdie dromer
hierdie sneeuman in die somer dalk verstaan

as ek kon beskryf wat ek nou eers verstaan
sou woorde oor jou lang volumes beslaan
van 'n werk oor die skoonheid, die waarheid, die sin
maar my pen is te stadig, my sinne te min
daarom sing ek maar
en ek sing net gedurig oor jou